

**From:** Despatch Noord [mailto:ngkdespn@telkomsa.net]  
**Sent:** 28/08/2017 12:35  
**To:** Jandri@infokerk.co.za  
**Subject:**

'n Spesiale dankie aan 'n puik "infokerk"-span deskundiges! Dit was die wonderlikste dag in my lewe wat ek met die infokerk-program en raadgevers begin werk het. Dit het die pyn en lyding uit my kantoorwerk gehaal. Ek gee vir Jandri die hoogste lof en hy is 500/100 punte werd! Hy is baie geduldig, behulpsaam, bekwaam en sommer net tops! Met die nuwe tegnologie is dit baie koste effektief en sluit jy onnodige landlyn oproepe uit, want jy kan deur whatsapp alles doen!

Ek is dankbaar oor die wonderlike elektoniese produkte wat infokerk vir ons aanbied en hul persoonlike diens.

Baie dankie aan Jandri Venter vir jou flunke optrede en jou kennis en vaardigheid waarmee jy my elke keer help. My prosedure begin by 'n whatsapp waarin ek my probleme stel en dit versend aan Jandri; dan neem ek 'n foto op whatsapp van my teamviewer met kodes en versend dit aan Jandri. Nie lank daarna nie raak my skerm swart en aktief en dan weet ek hier kom hulp!

Jandri het vir my die nuutste weergawe geïnstalleer, my e-pos herstel vir die uitstuur van "aanvrae". Daarna het hy alles op my rekenaar herstel.

My probleme het Vrydag begin met SARS se programme wat nie reg wou aflaai en installeer nie. 'n Anti-virus program het al my Infokerk se funksies gaan "block" en ek het die hele tyd nie my e@syFile-employers suksesvol kon aflaai en installeer nie. Jandri het egter die ekstra myl saam met my geloop en deur teamviewer vir my programme ge-"uninstall" en die nuutste weergawes vanaf internet van nuuts af weer oorgeïnstalleer. Hy het vir my stapsgewys vertel wat ek alles moes doen en dan weer my rekenaar van voor af aansit! Ek het so gedoen en alles werk! Ek kon suksesvol "inlog" en my IT3'a en IRP5'S en "declarations" doen.

Nogmaals baie dankie vir jou kennis, persoonlike diens, vriendelikheid, vaardigheid en geduld waarmee jy altyd help.

Dit word opreg waardeer.

Seënwense

Li-la O'Kennedy